RIGLYNE VIR PERSOONLIKE OORDENKING OF HUISGODSDIENS

1 Petrus 3: 13-22

MY STORIE

Beantwoord een van hierdie vrae oor jou week:

Hoeveel uit 10 sal jy jou week gee en hoekom? Waarvoor is jy dankbaar en wat was vir jou moeilik?

Waar het jy God aan die werk gesien?

KONTAK MET GOD

Neem ‘n paar oomblikke. Raak stil en rustig. Lees 66: 8-20 as ‘n gebed.

Dink na oor God se trou en oor hoe Hy luister en jou gebede verhoor.

KONTAK MET DIE WOORD

Bid dat die Gees die teks sal oopbreek.

Lees dan **1 Petrus 3: 13-22** en beantwoord die volgende vrae:

- Watter gedagtes in die teks het jou aangespreek of laat wonder?
- Wat leer ons oor ‘n Christen se gewete en lewenswandel?
- Wat is die hoop in ons lewe waarvan ons lees in vers 15? Wat sal jy antwoord as iemand vir jou vra oor die hoop wat in jou lewe is?
- Wat leer ons in verse 18-22 oor Christus en wat Hy gedoen het? Hoekom is dit belangrik?
- Wat is gewoonlik jou eerste reaksie wanneer iemand jou kwaad aandoen? Vergelyk dit met die reaksie wat deur Petrus voorgestel word. Hoe help die voorbeeld van Noag ons hiermee?
- Gesels oor hierdie gedagte: Hoe ‘n mens verontregting en lyding hanteer wys wie baas is in jou lewe.
- Op watter maniere ly gelowiges deesdae omdat hulle goed doen? Kan julle aan voorbeelde dink? Het dit al met jou gebeur?

VERDER VORENTOE

Help mekaar om te dink aan praktiese maniere waarop julle hoop kan gaan uitleef.

GEBEDSTYD

Identifiseer gebedsversoeke en sluit af deur daarvoor te bid.